PASOP!

BEDROG MET MAATSKAPLIKE TOELAE

Wees bedag op bedrieglike amptenare en onwettige debietaftrekkings van maatskapliketoelaag-rekeninge

VOORKOM EN RAPPORTEER SASSA-BEDROG

Wees bedag op **bedrieglike SASSA-amptenare** wat u huis besoek of u telefonies of per SMS kontak. Hulle kan u moontlik versoek om u kaart te oorhandig, of u PIN-kode en persoonlike besonderhede versoek. Hulle kan ook moontlik beweer dat u versekering moet uitneem, of beloof moontlik kospakkies. Moenie hulle in u huis toelaat nie. Moenie enige inligting aan hulle verskaf nie. Hulle is misdadigers.

Slegs betalings vir begrafnisskemas en versekering by geakkrediteerde finansiëledienste verskaffers mag op u kaart afgetrek word, beperk tot 10% van u totale toelae.

SASSA-beamptes sal u nooit tuis besoek om 'n nuwe kaart uit te reik of u besonderhede en PIN-kodes versoek nie. Geldige SASSA-kaarte kan slegs by 'n SASSA-kantoor uitgereik word.

Moenie boodskappe vertrou waarin u besonderhede versoek word nie. Moenie daarop reageer nie. Bewaar u kaart op 'n veilige plek.

Wat kan u doen as dit met u gebeur?

Indien iemand u met so 'n ***versoek*** nader, skakel die CPS of Sassa om die versoek te bevestig. As u opmerk dat geld van u rekening ***afgetrek*** is, moet u die onwettige aftrekking onmiddellik rapporteer, verkieslik binne 40 dae ná die aftrekking:

- *by die CPS se tolvrye nommer (0800 600 160);*
- *by u plaaslike SASSA-kantoor; of*
- *by 'n CPS-betaalpunt.*

Indien die onwettige aftrekking vir 'n begrafnispolis of lugtyd-aankope is, moet u 'n beëdigde verklaring by die polisiestasie aflê, wat dan aan die CPS-inbelsentrum verskaf moet word. Indien die dispuut binne 40 dae nadat die aftrekking plaasgevind het, ingedien word, sal die EFO-debietbedrag in u rekening terugbetaal word. Indien 40 dae reeds verstryk het, sal dit langer neem en sal die terugbetaling nie outomaties plaasvind nie.

U mag nie die kaart as sekuriteit gebruik of die kaart oorhandig om 'n lening by 'n geldskieter te verkry nie.

CPS TOLVRY 0800600160

umnyama.org REGSVRYWARING Hierdie inligting kan nie as regsadvies beskou word nie.